

Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za



Winnie-nuus

Algemene nuusbrief: 7 Februarie 2020

1. **SuksesSTUDENT**

SuksesSTUDENT is 'n omvattende studieleidingprogram wat baie belangrike riglyne en inligting bevat om leerlinge toe te rus vir suksesvolle studies in die hoërskool. Dit bevat o.a. inligting oor die werking van die brein en denke, tydsbestuur, konsentrasie, geheue, studiemetodes, sowel as hoe navorsing vir take, toetse en eksamens gedoen word.

Volgens die skoolkalender sou die studieleiding vanaf 3 tot 13 Februarie vir die Gr. 8-leerlinge, gedurende skooltyd, plaasgevind het. Daar is egter nuwe reëlins wat reeds per omsendskrywe aan al die Gr. 8-ouers deurgegee is. Die studieleiding word beplan vir die laaste week in Februarie en/of eerste week in Maart en sal na skool aangebied word. Die afskeurstrokies moet voor of op Maandag 10 Februarie ingehandig word, sodat die getalle gefinaliseer kan word en u ingelig kan word rakende die datum en tye. Vir meer inligting oor SuksesSTUDENT kan me. Mariëtte Fourie by die skool gekontak word.

2. WONNIERAADSVERKIESING 2020

Baie geluk aan die leerders wat tot die Wonnieraad verkies is:

Graad 8				Graad 9							
Seuns			Dogters	Seuns			Dogters				
8/1	Kevin Fensham	Voorsitter	8/1	Natasha Joubert	9/1	Waldo Ferreira	9/1	Tammy Palmer	Voorsitter		
8/2	Gareth Aucamp		8/2	Zonika Wentzel	9/2	Juan Groenewald	9/2	Juané Yssel			
8/3	Donato Jacome		8/3	Leandré Coetzer	9/3	Kyle Grobber	9/3	Danielle Roux			
8/4	Jordan van Niekerk		8/4	Angie Bezuidenhout	Voorsitter	9/4	Johan Coetzee	9/4	Joanelle Dreyer		
8/5	Paul Hattingh		8/5	Leandri Stander		9/5	Jason Oosthuizen	9/5	Surnari Landsberg		
8/6	Wade Hole		8/6	Elmari Uys		9/6	Dané Cory	Voorsitter	9/6	Sonique Deysel	
8/7	Joshua Liebenberg		8/7	Nikita Greyvensteyn		9/7	Marné Botha		9/7	Danté du Toit	
8/8	Wessel Vermaak		8/8	Michelle Steyn		9/8	Jonathan Rossouw		9/8	Donna Lewis	
Graad 10				Graad 11							
Seuns			Dogters	Seuns			Dogters				
10/1	Wian Louw		10/1	Tanja Beukes	11/1	Marlon Rossouw	11/1	Michelle Stephen			
10/2	Thinus du Plessis	Voorsitter	10/2	Kutlwano Nkoana	11/2	Tiaan Hattingh	11/2	Dané Kleynhans			
10/3	Ruan Velthuysen		10/3	Shinique Dippenaar	11/3	Owen Klee	Voorsitter	11/3	Mikayle Cloete		
10/4	Luke van der Burgh		10/4	Delaney van Staden	11/4	Jonathan Taylor		11/4	Leané Steenkamp	Voorsitter	
10/5	Frikkie van Jaarsveld		10/5	Monique Langenhoven	Voorsitter	11/5	KG Hanyane	11/5	Kayla van der Merwe		
10/6	Devin da Silva		10/6	Klarise du Preez		11/6	Armandt Erasmus	11/6	Annika Kritzingier		
10/7	Stephen Holloway		10/7	Lize-Marie van Heerden		11/7	Eduard Louw	11/7	Megan Moolman		
Graad 12				UITVOERENDE KOMITEE							
Seuns			Dogters	PRESIDENT		Devin da Silva		BEHEERLIGGAAM VERTEENWOORDIGERS			
12/1	Ruan Pruis		12/1	Alecia Smith	Voorsitter	VICE-PRESIDENT				Monique Langenhoven	
12/2	Calvin Jooste		12/2	Jeandré Johnson		SEKRETARIS				Frikkie van Jaarsveld	
12/3	Bradley Bezuidenhout		12/3	Zimoné Keet		VICE-SEKRETARIS				Marlon Rossouw	
12/4	Keagan Matthys		12/4	Megan Fouché		TESOURIER				Thinus du Plessis	
12/5	Heinrich van Staden		12/5	Lumé Scherman		SKAKELBEAMPTES				Dané Cory	
12/6	Gustav de Villiers	Voorsitter	12/6	Ivanka Hibbert							



3. UITTEKEN VAN LEERDERS

Dit is kommerwekkend om te sien hoeveel leerders vroeg uit die skool geteken word. Dit veroorsaak ook groot ontwrigting omdat leerders d.m.v. die interkom, tydens klastyd, uit die klas geroep moet word. Graag vra ons u om die volgende praktiese reëling van nou af te handhaaf: Leerders wat gedurende die dag uitgeteken gaan word, se ouers moet die leerder met 'n **toestemmingsbrief** na die skool stuur. Die leerder sal dan in die klas, wanneer dit tyd is om die skool te verdaag die brief aan die personeellid toon, waarna die leerder die klas mag verlaat en na die algemene kantoor kan gaan. Die brief word dan net ingehandig en gestempel by die algemene kantoor, waar die ouer reeds vir die kind wag. Geen kind sal in die klas oor die interkom uitgeroep word nie, aangesien die kind reeds 'n brief vanaf die ouer het.

4. GHOLFDAG 6 MAART 2020

DIE HOËRSKOOI WONDERBOOM BIED AAN



DIE GROEN EN GOUD
GHOLF DAG

06.03.2020 AKASIA GHOLFBAAN

Die Groen en Goud Gholfdag 2020

**"BETTER-BALL,
SCRAMBLE DRIVE"**
"TWO SCORES TO COUNT"

PER SPELER ALLEEN	R300
Sluit 18 gate en 'n aandete in.	
VIER-BAL	R1200
Sluit 4 spelers se kostes en 'n aandete in.	
PUTTIEBORG	R3000
Sluit 'n 4-bal plus 'n ete en 'n uistalling by 'n bof in.	
GHOLFKARRETJES	Moet self bespreek word by Akasia Golfbaan 012 542 1309
KONTAK ONS GERUS!	
083 290 6400 (Mnr. C. Schmahl)	
084 018 9999 (Mnr. W. Jansen van Rensburg)	
carle@wonnies.co.za - rugby@wonnies.co.za	
Alle inkomste gaan na die Wonnie-behoefte fonds.	

5. HANTERING VAN HANDBOEKE

Graag doen ons 'n beroep op u as ouers om ons te help om die handboeke wat aan u kind uitgereik is, op te pas. Let asseblief op die volgende:

1. Handboeke wat leerders ontvang, bly die skool se eiendom en is slegs vir die jaar aan leerders geleen; derhalwe moet die boeke aan die einde van die jaar in 'n dieselfde toestand teruggegee word.

2. Indien 'n leerder se handboek verlore raak, is daar 'n koste wat betaal moet word om die handboek te vervang.
3. Leerders moet hul naam, voogklas en die jaartal voor in die handboek aanbring, sodat dit nie onderling omgeruil kan word nie.
4. Handboeke moet met duursame plastiek oorgetrek word, maar moet asseblief nie die strepieskode / skandeerkode toeplak nie.
5. Die GDO vereis dat handboeke kwartaalliks gekontroleer word. Indien die handboek dan weg of beskadig is, sal u die vervangingskoste moet dra.
6. Aan die einde van die jaar, moet die leerder dieselfde handboek wat op sy/haar naam uitgereik is, teruggee, anders sal die handboek steeds as uitstaande hanteer word.
7. Indien 'n leerder gedurende die jaar vakke verander, moet die vorige vak se handboeke eers ingehandig word by die boekstoor, voordat nuwe handboeke uitgereik kan word.

6. NOMINASIES BEHEERLIGGAAM TUSSENVERKIESING

Die volgende ouers is genomineer vir die Beheerliggaam-Tussenverkiesing wat sal plaasvind op 13 Februarie om 18:30 in die personeelkamer.

Graag vra ons dat alle ouers die verkiesing sal bywoon ten einde u stem uit te bring.

1. Harry Bakker
2. Giovanni Marinus Cilliers
3. Anthony Brian Curtis
4. Adriaan Markus de Klerk
5. Gerrit Ferreira
6. Natasha Kruger
7. Dawie Nolte
8. Henry Charles van der Walt
9. Natasha van der Westhuizen
10. Gerhard Vermaak
11. Dirk Uys



7. TENNIS UITSLAE

Baie geluk aan die Senior Dogters Tennisspan wat op Woensdag, 5 Februarie, geseëvier het oor die Hoërskool Hartbeespoort met 'n telling van 65-2.

M LEZAR
SKOOLHOOF